COMMUNITY NEWSPAPER
# Gans Berg Nuus/News
PRICE R15.00
305 Uitgawe
29 Mei 2026
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Pinksterreeks | Troospoppies | Ramptoestand | Don't Remove | YesJa Kombuis | South Africa Wins Gold

# Diep spore van Francois de Jongh in Gansbaai bly voortleef

Dit is met diepe leedwese dat die afsterwe van Francois de Jongh (75) op Donderdag, 21 Mei 2026, aangekondig is. Francois en sy eggenote, Deonora, was geliefde en bekende sakemense van Gansbaai. Hulle het onder andere die destydse gemeenskapskoerant vir sowat 20 jaar bedryf voordat hulle dit in 2016 verkoop en na Sedgefield verhuis het - nadat Francois met prostaatkanker gediagnoseer is. Die egpaar het diep spore in die Gansbaai-gemeenskap getrap. Soveel so dat talle oproepe van vriende en kennisse ontvang is ná die Gans-Berg Nuus se plasing op sosiale media. Ná baie jare van chemo-sessies en ander behandelings, het Francois uiteindelik die stryd teen kanker verloor.


Francois en Deonora de Jongh.

Tydens die egpaar se besoek aan Gansbaai 'n tyd gelede, het Francois daarop aangedring om by die Gans-Berg Nuus se eienaar, Michelle van Zyl, aan te doen. "Ek wil jou komplimenteer met die moed wat jy tydens Covid aan die dag gelê het met die begin van 'n ware gemeenskapskoerant vir die omgewing - iets waarna ek steeds met heimwee terugdink," het hy gesê. "Ek is nou al vier maande sonder chemo, en kyk net hoe goed het my hare al gegroei; selfs my baard kom terug, al is dit nog aan die yl kant!" Dit was tipies van Francois se uitstekende humorsin waarvoor hy bekend was. Dit was ook onder sy leiding dat die skrywer hiervan vir bykans 20 jaar die kuns van joernalistiek en die uitgee van 'n gemeenskapskoerant geleer het. As ware vriend laat Francois se afsterwe 'n groot leemte. Rus sag, my vriend - wat jy my geleer het, sal ek nooit vergeet nie.

Francois Wahl de Jongh is op 14 Maart 1951 te Kakamas gebore. Hy matrikuleer in 1968 aan Paul Roos Gimnasium. Daarna verwerf hy in 1973 sy BA SOD-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy gee onderwys in verskeie Karoo-dorpe en verlaat die onderwys in 1996 as departementshoof van Worcester Gimnasium. In Gansbaai open die egpaar aanvanklik 'n skulpieswinkel, waarna hulle kort daarna hul gemeenskapskoerant vestig.

**Diep voetspore in Gansbaai**
Enkele voorbeelde van die opbouende voetspore wat Francois in Gansbaai agtergelaat het, sluit die volgende in: *Bekendheid en gewildheid as eienaar, uitgewer en redakteur van Gansbaai se destydse gemeenskapskoerant, wat hy saam met Deonora gestig het en vir sowat 20 jaar bedryf het; *Wenner van 'n Sanlam Gemeenskapspers-toekenning in die afdeling Kontreinuus in 2008; Verantwoordelik vir die naamgewing van Gansbaai Academia; *Skryf van 'n oorkonde in die Gansbaai-geskiedenisboek; Inisieerder van die besondere bloemlesing *Maskers en Mure*, saamgestel saam met Daniel Hugo; *Publikasie van sy eie digbundels, *Klipsweet* en *Konglomeraat*, kort voor hul verhuising na Sedgefield; *Met talle ander bydraes tot die gemeenskap.

Ander suksesse uit sy pen: *Skryf van die lirieke van Worcester Gimnasium se skoollied; *Publikasie van sy eie digbundel; *Gedigte opgeneem in die versamelbundel *Groen*, asook in D.J. Opperman se *Groot Verseboek*; *Poësie-redakteur van *Graffier*, die nasionale literêre tydskrif vir jong skrywers; *Publikasies in *Standpunte*, mondstuk van die Afrikaanse Skrywersgilde; * En nog vele meer as wat hier genoem kan word.

Die redaksiespan van Gans-Berg Nuus, asook Gansbaai-gemeenskap, se harte gaan uit na Deonora, kinders, kleinkinders en familie. 'n Gedenkdiens is vir Donderdag, 28 Mei 2026 om 10:30 in Sedgefield gereël. Deonora het onderneem om 'n link te stuur vir diegene wat na die diens wil luister. Die link sal op Gans-Berg Nuus se sosiale blad geplaas word.

**Hardus Botha**

Galvatech
Corrosion Protection Specialists
Galvatech - Korrosiebeskerming Spesialiste diens nou
Gansbaai en Omgewing!


Beskerm jou staal teen die elemente met Galvatech se gehalte-afwerkings - vinnig, betroubaar en professioneel.
- Hot Dip Galvanisering
- Epoxy Powder Coating
- Shot/Sand Blasting
- Industriele Spuitverf
- Galvanisering SANS 121 Goedgekeur

Of jy nou 'n boer, kontrakteur of ingenieur is - Galvatech help jou om jou staalwerk reg te beskerm, die eerste keer!
Diens beskikbaar in Gansbaai en omliggende dorpe - Skakel vandag nog of besoek galvatech.co.za
021 951 1211
066 474 6967
sales@galvatech.co.za

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct for the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




# Kleurvolle Pinksterreeks bring hoop en inspirasie

Pinkster herinner gelowiges aan die uitstorting van die Heilige Gees - die oomblik toe vrees in geloof, stilte in getuienis en verdeeldheid in eenheid verander het. Dit is die viering van God se teenwoordigheid wat mense toerus om met hoop, liefde en moed te leef.

'Skakerings van die Heilige Gees' was dr Liesel Joubert se tema vir die reeks Pinksterdienste wat sy vanaf Sondag 17 Mei tot Vrydag 22 Mei 2026 in die NG-gemeente aangebied het. Elke aand het 'n eie subtema gehad wat aan 'n spesifieke kleur gekoppel is en met gepaste skilderye uitgebeeld is: Sondag, '*Die Heilige Gees skenk lewe*' - tekstuur van beweging; Maandag, '*Die Heilige Gees maak ons harte warm*' - warm kleure soos rooi, geel, oranje en vuur; Dinsdag, '*Die Heilige Gees leer en herinner ons*' - wit en deurskynendheid; Woensdag, '*Die Heilige Gees laat ons groei*' - groen; Donderdag, '*Die Heilige Gees werk ook in die donker*' - donker, swart en grys; Vrydag, '*Die Heilige Gees praat deur die profete*' - blou.

'n Paasmaal met smaaklike sop en vars brood is Vrydagaand ná afloop van die laaste aanddiens deur die dames van Gasvryheidsbedieninge aangebied. Gemeentelede kon kies tussen nie minder nie as sewe soorte sop: wildsvleis-, bone-en-mielie-, pampoen- (butternut), groente-, biltong-, hoender- en aartappelsop. Esmé Groenewald van Gansbaai Bakhuis was die hoofborg van 'n groot verskeidenheid vars brode. Saam met die verskeidenheid konfyte en ander bykosse is niemand honger huis toe gestuur nie.
Op die verhoog het Asanti Smit se Poco Musica-slagorkes, Marshall McNicoll,


***Batik met warm was en kleursel deur Raj, 'n Indiese pastoor en kunstenaar.***


***Die slagorkes: Marshall McNicoll, Malcolm Scholfield en Charl Cooper.***


***Laerskool Gansbaai se Junior Sanggroepie.***


***Carli Joubert saam met Lisa Joubert en Jan-Christiaan Basson.***

Malcolm Scholfield en Charl Cooper, die gaste met hul knap talente vermaak. Laerskool Gansbaai se Junior Sanggroepie, ook onder leiding van Asanti Smit, het vir pragtige sangitems gesorg. Die begaafde Annatjie Smit was met altwee hierdie items die klavierbegeleier. Al is dit Gr 1'tjies, hulle kan behoorlik sing. 'n Ekstra verrassing was Carli Joubert wat vir Lisa Joubert en Jan-Christiaan Basson met haar kitaar begelei het. Lisa en Jan-Christiaan het met hul sangitem gewys waartoe hulle in staat is, knap gedaan, julle twee.
(*Foto's: Alana Louw*)
**Hardus Botha**


***"Sop vir Afrika."***

# Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| | 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




# Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Nico Groenewald - 073 919 7777
De Kelders NHW Phone: 060 924 0484
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH







**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za

# Eie 'Gansie-skeppings' vir Kalfiefees

Laerskool Gansbaai (LSG) borrel oor van opgewondenheid met kultuurprojekte tydens hul voorbereiding vir die komende Kalfiefees op 9 Augustus 2026 in Hermanus - die mediaspan sê die skool sien uit na hierdie 'eie Gansie-skeppings' wat hulle by die Kalfiefees gaan aanbied!

'n Span van LSG se senior koor het reeds die wonderlike geleentheid gehad om hul eerste 'eie liedjie' te begin skryf onder die bekwame leiding van Illimar Neitz en Luna Paige, in samewerking met die SA Blues Society. LSG se mediaspan het laat weet dat die instrumentgroepie van kitare en dromme, saam met Illimar, die ritmes sterk deur die gange laat weerklink het, terwyl die sanggroepie hul kreatiwiteit met lirieke vrye teuels saam met Luna gegee het. Die meegaande foto's is 'n aanduiding van hul doelgerigtheid om vir die Kalfiefees voor te berei.

**Hardus Botha**









# First winter rains bring Strawberry Rain Frogs

This Strawberry Rain Frog was spotted out on the prowl after the first winter rains at Grootbos Private Nature Reserve this week. More often heard than seen, these frogs produce an eerie call on misty mornings in forests and kloofs in montane fynbos.

The grumpy expression seen on all Rain Frog species is actually an adaptation to their specialised diet of ants, termites and other small insects. This mighty mini-predator plays an important role in the fynbos ecosystem . Doesn't he look fearsome?

**Philippa Murray (Grootbos Foundation)**





Gansbaai SUPERSPAR

**VAKATURES BESKIKBAAR:**

**GANSBAAI SUPERSPAR BENODIG 'N BLOKMAN BY DIE SLAGHUIS AFDELING**

**Vereistes:**
- Minimum 3 jaar ondervinding as blokman
- Bereid om skofte te werk
- Naskoolse kwalifikasie sal as aanbeveeling dien salaris onderhandelbaar na gelang van ondervinding

**Sluitings datum : 12 Junie 2026**

Volledige CV kan by die personeel afdeling Ina Pieterse: 028 384 0269 ingedien word.Indien u geen terugvoering na 14 dae vanaf sluitings datum ontvang het nie was u aansoek onsuksesvol.






# Troospoppies en toga vir besoekers uit Makhathini

"Ons het die voorreg gehad om gedurende die afgelope week, wat met die NGK se Pinksterdienste saamgeval het, vier besoekers vanuit die




*'n Troospoppie met 'n boodskappie in Zoeloe.*

Makhathini-vlaktes in KwaZulu-Natal by ons te ontvang," het ds Floors Avenant die Gans-Berg Nuus meegedeel. "Hulle het op 18 Mei 2026 gearriveer en die volgende dag met die Tuinroete begin."

Die span het uit ds Lucky Kunene, hulpwerkers en broers Beka, Bongi en Sachias bestaan.

"Hulle het vroeg die oggend van die 18de uit Makhathini vertrek, op pad na Durban," vertel Floors. "Ongelukkig is die vlug vanaf King Shaka Internasionale Lughawe vertraag, wat meegebring het dat hulle agter skedule by Kaapstad Internasionale Lughawe geland het." Hulle moes per Uber stad toe reis om hul toervoertuig te kry. "Die groep kon eers om 16:00 uit Kaapstad vertrek, met spitsverkeer wat reeds begin opbou het. By Somerset-Wes het dit begin donker raak, met verkeer wat buffer teen buffer beweeg het, terwyl die weer ook begin dreig het," het Floors gesê. Die bedoeling was dat hulle die Pinksterdiens om 18:00 in die NG Kerk sou bywoon, aangesien daar verskeie handelinge met hul besoek beplan was. Weens al die oponthoude het hulle egter eers om 19:30 in Gansbaai aangekom.

"Ons het toe maar vir almal van Fish Lady se smaaklike vis en skyfies gekry, wat ons aan huis van ds Franna Herselman en sy eggenote, Charlotte, geëet het, met besoekers wat uitgehonger was ná 'n lang en 'toetsende' dag." Tydens die saamkuiery is 'n feitlik nuwe toga uit die kas van ds Mauritius Pienaar gehaal en aan ds Lucky oorhandig. Ina Mulder en die diensgroep het ook twee sakke troospoppies gestuur wat aan hulle oorhandig is. Dit is bedoel vir 'n jeugprogram in Makhathini, veral vir getraumatiseerde dogters. Floors sê daar was saam met elke troospoppie 'n boodskappie in Zoeloe om die dogters aan te moedig om "NEE" vir enige vorm van misbruik te sê.

"Dinsdagoggend, 19 Mei 2026, kon daar heerlik ontspan word tydens 'n smaaklike ontbyt by die Great White House - 'n 'besigheidsontbyt', soos hulle dit genoem het," het Floors afgesluit. Van daar het die groep verder op hul Tuinroete-toer vertrek, waar hulle beplan om ondersteunende gemeentes langs die roete te besoek. Teen die naweek van 22 Mei 2026 sal hul missie voltooi wees, waarna die terugreis na Makhathini aangepak sal word.
(*Met dank aan ds. Floors Avenant vir inligting en foto's*)

**Hardus Botha**

*Franna Herselman oorhandig 'n toga aan die nuut geordende Makhathini-leraar, Lucky Kunene.*



*Charlotte Herselman oorhandig twee sakke tuisgebreide troospoppies aan Lucky Kunene.*



*Fish Kady se 'Vis & Chips' aan huis van Franna en Charlotte Herselman.*



*'n Gesellige besigheidsontbyt by die Great White House.*



J&A
Panelbeaters
Caven: 072 244 8986 Tel: 028 007 0283
japanelbeaters@gmail.com
Insurance Approved
3 Strandlopertjie Straat, Gansbaai, Industrial
All mechanical repairs welcome

SPRINGBOKS
2026 FIXTURES
4 JULY - SPRINGBOKS VS ENGLAND
11 JULY - SPRINGBOKS VS SCOTLAND
18 JULY - SPRINGBOKS VS WALES
22 AUGUST - SPRINGBOKS VS ALL BLACKS
29 AUGUST - SPRINGBOKS VS ALL BLACKS
5 SEPTEMBER - SPRINGBOKS VS ALL BLACK




# Agri Wes-Kaap verwelkom ramptoestandklassifikasie


*Archive photo: Cape Agulhas Municipality.*

Agri Wes-Kaap verwelkom die aankondiging van 'n ramptoestandklassifikasie in die Wes-Kaap na aanleiding van die verwoestende vloede wat groot dele van die provinsie die afgelope weke geraak het. Die aankondiging is 'n belangrike stap om die nodige finansiële ondersteuning vir herstelwerk te bekom.

Die onlangse vloede, wat reeds as die ergste in meer as 100 jaar beskryf word, het wydverspreide skade aan infrastruktuur, landboubedrywighede en gemeenskappe veroorsaak. Die Wes-Kaapse Departement van Landbou is steeds besig om die omvang van die skade te bepaal. "Die klassifikasie van 'n ramptoestand is noodsaaklik om toegang tot addisionele ondersteuning en befondsing te verkry om sodoende die nodige kritieke herstelwerk te kan doen," sê Jannie Strydom van Agri Wes-Kaap.

Infrastruktuur bly tans die grootste uitdaging. Ongeveer 400 paaie regoor die provinsie was gesluit, waarvan reeds 61% heropen is. Elektrisiteitsinfrastruktuur, waterstelsels en kommunikasienetwerke is verder ontwrig deur wydverspreide skade aan kragpale en ander kritieke infrastruktuur. Daar is gedurende hierdie tydperk sowat 9 000 Eskom-foute aangemeld en verskeie gebiede is steeds sonder kragtoevoer.

Vir boere hou die skade enorme implikasies in. Produsente het waterpompe, besproeiingsinfrastruktuur, boorde, wingerde, tonnels, huise en plaasgeboue verloor. In sekere gebiede is boere steeds heeltemal van dorpe afgesny weens beskadigde paaie. "Hoewel daar met dringendheid aan herstelwerk gewerk word, moet daar realistiese verwagtinge wees. Die omvang van die skade is enorm en die herstel van paaie, brûe, kraglyne en ander kritieke infrastruktuur gaan ongelukkig tyd neem." Ten spyte van die groot skade het die reënval wel broodnodige verligting aan damvlakke gebring. Die provinsie se gemiddelde damvlakke het van 52,5% tot 70,6% gestyg, wat hoop bied vir die komende produksieseisoen, veral vir produsente wat op besproeiing staatmaak.

Agri Wes-Kaap se samewerking met die provinsiale regering, relevante departemente en Eskom sal noodsaaklik wees om die herstelproses te versnel. "Ons bly verbind daartoe om saam met alle rolspelers te werk om seker te maak dat boere en landelike gemeenskappe die nodige ondersteuning gedurende hierdie moeilike tyd ontvang."

**Rojeanne de Wet: Skakelbeampte, Agri Wes-Kaap**






# CapeNature: Don't remove chameleons unnecessarily



Members of the public are urged to assist wildlife responsibly following recent severe weather events in the Garden Route, and to avoid the unnecessary removal of chameleons from their natural habitat. Following severe storms in the region over the past two weeks, many trees have lost branches or fallen entirely. As a result, some small animals have been displaced from their natural habitats. CapeNature has noted and welcomed initiatives by residents and organisations that have stepped in to rescue affected wildlife.

However, the public is urged to ensure that any rescue efforts are conducted responsibly and with the long-term wellbeing of the animals and surrounding ecosystems in mind. Chameleons play an important role in ecosystems and should not be removed unnecessarily from their natural habitat, including urban environments. Only animals found on fallen branches or trees, or on trees earmarked for removal, should be rescued. Wildlife that is not directly threatened by tree or branch removal should be left where it is found to support the conservation of these species in their natural environment.

CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo said natural disaster situations often spark an outpouring of compassion from communities; however, good intentions and interventions must always prioritise ecological responsibility. “While we commend residents and organisations that have shown concern for wildlife affected by the recent storms, it is important that rescue efforts are guided by sound conservation principles. In many cases, the best course of action is to leave animals undisturbed unless they are in immediate danger due to fallen vegetation or clearing operations,” said Dr Naidoo.

CapeNature further advises that small wildlife removed from fallen trees and branches should be placed back onto natural vegetation as close as possible to where it was found, preferably on the same property. In cases where there is no suitable nearby habitat available, or where animals have been rescued from garden refuse dumping sites, they may be released in a suitable and safe nearby area. However, translocations over significant distances, such as moving animals from the Mossel Bay area to George, should be avoided, as this can negatively impact local biodiversity and animal survival.

CapeNature encourages the public to remain mindful of wildlife during storm clean-up operations and to seek guidance before intervening where possible. The public can contact CapeNature's George office on 087 087 3037 for advice on where to take chameleons that cannot be placed in nearby natural areas.

**CapeNature, General Manager: Advocacy Petro van Rhyn**

CONTACT US TO ADVERTISE HERE
Janine:072 931 1431 / janine@gansberg.co.za Michelle:078 010 8286 / michelle@gansberg.co.za

# Two wheels - half the bill

South Africans have historically viewed the car as a social necessity as much as a practical one. Rising fuel prices, insurance premiums, and interest rates are quietly but forcefully revising that calculation. “The 35% drop in April fuel purchases is not a blip - it is the beginning of a structural rethink. For those with the flexibility to embrace it, two wheels may be the most rational financial decision available in 2026,” said Thuli Sikhosana, Account Executive at The Teresa Settas Communications Group.

With the sky-high increases in petrol and diesel prices from 7 May 2026, the total cost of owning a car has never looked more punishing. “For many South Africans, switching to a two-wheeler could be the smartest financial move of 2026,” said Robin van Rensburg, Managing Director of The Nexus Collective. “South African motorists are already feeling the squeeze. April's massive fuel price increases drove a 35% drop in fuel purchases compared to March - a striking signal that consumers are changing their driving behaviour, combining trips, driving less, and rethinking every journey.”

Thuli said cutting trips can only go so far. “For those open to a more fundamental shift, a commuter motorbike offers a genuinely transformative restructuring of total monthly transport costs.” She added that a two-wheeler is not for everyone. But for the urban or peri-urban commuter who drives primarily alone, on predictable routes within roughly 40-60 km of home, the financial case is overwhelming. The practical trade-offs - reduced carrying capacity, exposure to the weather, and less protection in a collision - are real, and riders must weigh them honestly. Rider training and a quality helmet are non-negotiable costs that responsible ownership demands.
Thuli continued: “That said, for someone currently spending R8,000-R10,000 a month keeping a car on the road,



transitioning to a quality commuter motorbike and using occasional car hire or ride-sharing for family trips can cut total transport spending by 50-65%. At a time when real household incomes are under sustained pressure, that is not a marginal efficiency gain - it is a meaningful increase in financial breathing room.”

**Hardus Botha**


HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:
Hardus: 082 786 0494 Email: info2@gansberg.co.za

# REPAIR YOUR HOME






## Give your space the care it deserves!



Is your home due for repairs, upgrades, or maintenance?
Whether it's fixing small issues or tackling bigger projects, now is the perfect time to refresh and improve your home.

Coastal TRUSSES
SA's only SABS mark holder for treated timber trusses
The Roofing Specialist!




18 Steenbras Street, Hermanus
028 313 0109
coastal@hermanus.co.za
www.coastaltrusses.co.za

EASY SKIPS
GANSBAAI
We drop, You fill, We collect
079 306 4242




dutoitlize84@gmail.com



Tiling & Flooring



Home renovations



Handyman services



General repairs

# Coastal Aluglass

*Products direct from factory to public!*

**We specialise in:**

* Windows * Frameless showers
* ALU Showers * Burglar Bars
* Clear Bars * Balustrades * Stackdoors

**Special offer on windows for winter**

*Many years experience. It will pay you to contact us!*

Office: 028 384 2236 / 072 855 8588
E-mail: coastalgansbaai@gmail.com




Keep your home safe, comfortable, and looking its best. Don't wait for small problems to become costly ones!















Roof repairs



Painting & Maintenance



Plumbing & Electrical work

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant

Website Link

TIKTOK

GANSBERGNEWS

Facebook Link

028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za

## KLEINMOND SKRYNWERKERS

Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

## DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?

UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS

EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET

THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

## CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

## VIBRACRETE MURE
### Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

## Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

## Maintenance Man

*Noem dit en ons doen dit!*

Kontak Deon: 076 838 2890

## Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



## Wall Seal

Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE

- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

Call Mike on 063 708 4283

## GANSBAAI PROPERTIES

028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*

## ADVERTISE with Gans-Berg Nuus/News

Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford and surrounding areas

SUPPORT LOCAL SHOP LOCAL ADVERTISE LOCAL

### YOUR COMMUNITY. YOUR NEWS.

Reach thousands of loyal readers every week in **Gansbaai** and the **Overberg**. Promote your business, share your specials and grow your brand with us.

**LOCAL REACH** Connect with thousands of local readers.

**PROMOTE YOUR BUSINESS** Showcase your products, services and specials.

**AFFORDABLE ADVERTISING** Cost-effective options to suit every budget.

**SUPPORT OUR COMMUNITY** Help keep local news alive and thriving.

*Let's grow together!*

CONTACT MICHELLE 078 010 8286

EMAIL michelle@gansberg.co.za



# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K | B | Q | R | Z | N | I | D | D | O | G | S | R | H | X | N | F |
| K | K | E | H | F | Y | M | Q | B | W | I | A | V | V | M | H | L |
| Z | E | R | O | C | S | H | R | M | H | N | U | J | A | T | S | U |
| G | W | R | Q | F | C | O | E | A | E | T | A | R | G | A | T | T |
| M | R | M | R | N | I | E | C | K | P | M | I | P | D | E | E | E |
| Z | I | I | A | L | S | Z | W | H | A | N | T | K | D | B | E | M |
| X | E | L | L | N | W | I | G | Q | A | L | P | E | O | E | P | A |
| J | B | P | K | L | Q | L | V | T | G | P | F | N | L | L | R | E |
| L | V | A | U | E | B | E | E | S | Y | A | N | L | E | L | E | R |
| S | T | R | A | I | N | M | E | B | U | C | S | E | U | T | I | C |
| W | Q | E | I | Y | A | A | W | P | D | H | P | T | U | N | Y | F |
| C | I | M | J | H | X | R | Z | H | O | S | D | A | E | Z | M | D |
| B | A | S | T | E | U | A | A | V | I | H | S | V | O | A | A | M |
| B | N | B | A | U | N | C | B | W | S | P | C | D | L | R | M | O |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 8 | 9 | | 3 | |
| | | 2 | | | | | | 9 |
| | | 1 | | | | | 8 | |
| | | | 6 | | 5 | | | |
| | 7 | | | | 4 | | | 2 |
| | 4 | | | 9 | 8 | 5 | | |
| | | | | 4 | | | | |
| | 5 | | | | | 1 | 6 | |
| 4 | | | 3 | | | 7 | | |

- BASTE
- BEAT
- BLANCH
- BROIL
- CARAMELIZE
- CHOP
- CREAM
- CUBE
- FLAKE
- FLUTE
- GRATE
- GRILL
- MARINATE
- MIX
- PARE
- PEEL
- PEEL
- SCORE
- STEAM
- STEEP
- STRAIN
- WHIP

## Colour me in....



## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | B | K | X | R | I | T | S | Y | R | G | W | O | A | G | S | D |
| D | R | K | F | K | V | R | E | C | G | H | C | A | O | P | L | F |
| P | O | V | C | D | E | F | E | S | I | A | R | B | N | D | H | N |
| L | W | N | E | M | N | E | R | T | C | B | S | B | O | I | L | H |
| B | N | G | M | C | E | I | N | Y | R | T | H | E | R | Z | B | D |
| O | L | I | Y | R | U | Z | R | E | T | G | R | Z | E | S | G | M |
| D | S | E | U | R | L | D | A | G | J | X | E | A | S | B | N | I |
| I | Y | P | N | X | A | D | E | J | D | U | D | L | C | B | O | B |
| F | F | H | V | D | P | E | B | R | R | C | L | G | S | T | X | D |
| N | I | V | W | Q | Z | Q | S | O | D | O | I | I | L | Q | I | Z |
| R | R | Q | D | R | X | A | A | B | W | A | K | A | E | C | S | K |
| J | A | P | S | E | A | S | O | N | E | T | H | U | E | N | Y | F |
| I | L | E | T | D | T | U | V | U | T | M | I | N | C | E | N | S |
| G | C | E | J | G | P | O | K | L | S | R | V | D | E | J | V | E |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | 1 | 3 | 4 | 9 | 5 | 7 | 8 | 6 |
| 6 | 5 | 4 | 8 | 7 | 2 | 9 | 1 | 3 |
| 8 | 7 | 9 | 1 | 3 | 6 | 2 | 4 | 5 |
| 7 | 3 | 6 | 2 | 1 | 4 | 8 | 5 | 9 |
| 4 | 8 | 5 | 7 | 6 | 9 | 1 | 3 | 2 |
| 9 | 2 | 1 | 3 | 5 | 8 | 4 | 6 | 7 |
| 5 | 9 | 2 | 6 | 4 | 1 | 3 | 7 | 8 |
| 1 | 6 | 7 | 9 | 8 | 3 | 5 | 2 | 4 |
| 3 | 4 | 8 | 5 | 2 | 7 | 6 | 9 | 1 |

# Flagship biodiversity competition for learners






The flagship biodiversity competition for learners in Grades 6-9 was announced earlier by various role players. The Big Biodiversity Challenge launches in May, aligning with Biodiversity Month - a global call to raise awareness and inspire action to protect our natural world. With the International Day for Biological Diversity marked on 22 May, the competition's timing reinforces the 2026 theme, "*Acting Locally for Global Impact*."

The competition invites learners to submit innovative, action-based projects that address the diverse threats facing biodiversity by not only proposing solutions, but also trying, testing, and putting their ideas into practice. Entries may take the form of scientific investigations, creative arts pieces, or social initiatives. Through this approach, the challenge aims to inspire critical thinking and creativity in tackling issues such as the unsustainable use of natural resources, climate change, and habitat loss - key pressures on ecosystem health.

Participants are encouraged to develop practical, nature-based solutions that advance environmental protection while supporting human wellbeing, and to demonstrate how their ideas have been put into action, tested, or applied in response to a real biodiversity challenge. This is a chance for learners to step up, share bold ideas, and show how young voices can shape real solutions for the future of our planet.

The competition is open to all schools in the Western Cape, and entries may be submitted either individually or in groups. Participants will have the opportunity to win a range of exciting prizes, including Working on Fire T-shirts, DFFE water bottles and USB sticks, a CapeNature educational outing to Stony Point, and a Table Mountain National Park environmental education experience at Boulders and Cape Point, including a cable car ride. Additional prizes include a class visit to the Two Oceans Aquarium with an educational lesson, as well as an outreach environmental education visit.

The challenge was announced by the Western Cape Environmental Education Friends (WCEEF), together with members of CapeNature, the Western Cape Government, SANBI, the Department of Forestry, Fisheries and the Environment (DFFE), Nature Connect, SANParks, Working on Fire, the City of Cape Town, and the Two Oceans Aquarium Foundation.

Building on South Africa's role as host of the first Global Flagship Event for the International Day for Biological Diversity 2026, the Big Biodiversity Challenge calls on young people to turn local ideas into real-world environmental impact. This is a chance for learners to think boldly, get creative, and design practical solutions to environmental challenges while helping to protect South Africa's extraordinary environment for generations to come. All learners in Grades 6-9 are encouraged to participate, and teachers are encouraged to motivate their learners to enter the competition and become part of the movement to protect biodiversity.
For more information, email Munzhedzi.Muhanelwa@sanparks.org or ndreyer@capenature.co.za.
(*Article shortened: Hardus Botha*)

**CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn**



*Behold the Oaxalis, the clovers - this is a diverse group of important nitrogen fixers and important early nectar source for insects after fire. (Grootbos Foundation)*




*The Gladiolus guthrii, a new post-fire species for the Grootbos species list - it smells like deep red roses. (Grootbos Foundation)*

# Gansbaai Gholfklub

**Leon Lombaard palm Enkel Stableford in**


Jacobus Bothma.


Joe Cesare.


Leon Lombaard.

Die Enkel Stableford kompetisie van Saterdag, 23 Mei 2026 is deur Leon Lombaard gewen, met JP Laubscher wat in dieselfde kompetisie 'n Arend op putjie no 6 aanteken.

**Woensdag, 20 Mei:**
Joe Cesare wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 36 punte, gevolg deur Leon Lombaard 33, Gavin Flint 33, Hugo Groenewald 32, Jacques Louw 31, Andrew Dalgleish 26, Anton Jordaan 25 en Neil Harrison 23.

**Vrydag, 23 Mei:**
Jacobus Bothma wen die 9-putjie Enkel Stableford met 22 punte, gevolg deur Koos Myburgh 19, Corrie Avenant 19, Sakkie van der Merwe 18, Andre Hage 17, Pero Heyns 16, Adriaan Kloppers 15, Mike Germishuys 13, Johan du Preez 11 en Pieter Smal 10.

**Saterdag, 23 Mei:**
Leon Lombaard wen die Enkel Stableford kompetisie met 35 punte, gevolg deur Marie Fourie 35, Theuns van Schoor 33, Hendry van Appeldoorn 33, Joe Cesare 32, Jacques Louw 32, JP Laubscher 31, Clive Bailey 31, Deon Coetzee 30 en Bertie Laubscher 30.
JP Laubscher teken 'n Arend aan op putjie no 6.
Naaste aan pen no 8: Adriaan Kloppers (rooi bof).


Brodie Liga 1-span.

**Brodie Liga 1:**
Brodie Liga 1 (Valleie) het op Swellendam teen Swellendam Ligaspan gespeel en 5.5/.5 verloor. Die span was Corrie Avenant, Andre Hage (Liga-kaptein), Tiaan Muller, Johan du Preez, Pieter Smal en Werner Muller.

**Saterdag,30 Mei:**
Kompetisie is 'n 4BBB Stableford.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 27/5/2026 | Thursday 28/5/2026 | Friday 29/5/2026 | Saturday 30/5/2026 | Sunday 31/5/2026 | Monday 01/6/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 17° | 17° | 19° | 18° | 20° | 18° |
| Fresh Breeze 9 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from west 0.1 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from east 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south - east 0 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from south 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from west 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 29 May | 1423 | 0200 | 0812 | 2017 |
| 30 May | 0226 | 1456 | 0842 | 2049 |
| 31 May | 0258 | 1529 | 0911 | 2122 |
| 1 June | 0329 | 1602 | 0941 | 2155 |
| 2 June | 0401 | 1635 | 1012 | 2230 |
| 3 June | 0434 | 1709 | 1044 | 2307 |
| 4 June | 0509 | 1745 | 1119 | 2348 |
| 5 June | 0549 | 1826 | 1157 | 0036 |

Tax Compliance & Administration Services
WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:
- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee&Co
A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za



# Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

## NOTICE

**Notice of intention to hold a Coastal Waters Discharge Permit and Atmospheric Emission Licence Advisory Forum Meeting**

Gansbaai Marine (Pty) Ltd hereby gives notice of intention to hold a PAF (Permit Advisory Forum) Meeting on Friday 12 June 2026 from 10H00-11H00. This is in compliance with item 10.4 of the Coastal Waters Discharge Permit (CWDP) issued on 28th November 2024, in terms of Section 69(1) of the National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act, 2008 (Act No. 24 of 2008) read with Regulation 8(2) of the Coastal Waters Discharge Permit Regulations, 2019 Published in Government Notice 382 in Government Gazette 42304 of 15th March 2019-Permit Reference Number: 2012/032/WC/GANSBAAI MARINE, and in the absence of the Quarterly Overberg Air Quality Forum having been established, make use of this forum in terms of the Atmospheric Emission Licence as contemplated in Section 43 of the National Environmental Management: Air Quality Act, 2004, (Act No.39 of 2004) - Atmospheric Emission Licence Number: WC/ODM/005.

The meeting can be attended by any interested and affected parties, and will be held on site at GansbaaiMarine (Pty) Ltd, in the Administration Building, or alternatively online via the following Microsoft Teamslink:Microsoft Teams Need help? Join the meeting now Meeting ID: 396 075 324 001 Passcode: sv6VV9KcPlease RSVP to sgbrown6410@mweb.co.za by 4th March 2025 @ 12H00, for the necessary arrangementsto be finalised.

**Microsoft Teams** Need help?
Join the meeting now
**Meeting ID: 396 075 324 001**
**Passcode: sv6VV9Kc**

**Please RSVP to sgbrown6410@mweb.co.za by 8th June 2026 @ 12H00, for the necessary arrangements to be finalised.**



**Laerskool Gansbaai is baie trots op hulle Graad 7's Astro-gansies wat aan Rondte 2 van die Astroquiz, aangebied deur SAASTA, deelgeneem het. Die skool hou duimvas dat hulle na Rondte 3 gaan deurdring. Hulle kennis van die ruimte verstom almal - Louis van Rensburg, Ninke du Plessis, Lisa Beets en Hannah van Zyl.**

# YesJa Kombuis vir vars tuisgekookte etes

Vir vars en smaaklike tuisgekookte etes is YesJa Kombuis beslis die moeite werd om by aan te klop. “Ek maak al kos vandat ek sowat 12 jaar oud was en dit is 'n liefde wat ek van my ouma geërf het,” vertel Jenny Pietersen, mede-eienaar van YesJa Kombuis saam met haar eggenoot, Gavin. “My ondervinding van professionele kosmaak strek reeds oor sowat 20 jaar.”

Jenny het voorheen Kosmos en Doughnut Deli in Worcester bedryf. Sy en Gavin het J & A Paneelkloppers oorgeneem, wat steeds in bedryf is, maar hulle wil nou ook na die kosbedryf uitbrei. Daarmee wil hulle 'n nog groter bydrae tot die dorp se vooruitgang lewer en die gemeenskap dien.

Bekostigbare etes is daagliks beskikbaar, met kleiner porsies wat op versoek voorsien kan word. “Ek begin elke oggend van voor af; niks word na die volgende dag oorgedra nie,” sê Jenny. “Baie dankie vir elkeen se ondersteuning van YesJa Kombuis, ons waardeer elke kliënt opreg en ons kos word met baie geur, smaak, geloof en liefde voorberei.”

“Kom kuier gerus by ons winkel in die sentrum in Hoofstraat, waar Blink Idees en Hair Haven geleë is,” nooi Jenny die gemeenskap uit en sê hulle sien daarna uit om kliënte te bedien! *'We have twins in the house, Martha and Susan, so the food is extra special!'* YesJa Kombuis se besigheidsure is Maandae tot Vrydae vanaf 07:00 tot 17:30 en Saterdae vanaf 08:00 tot 13:00. Vir navrae kan Jenny by 082 447 3839 geskakel word.

**Hardus Botha**



Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

# South Africa wins Gold at RHS Chelsea Flower Show 2026


Leon Kluge with the award in his hands.


The amazing South African team in front of the completed display.

Leon Kluge and the South African team have won Gold at the 2026 *RHS Chelsea Flower Show* in London. (RHS = *Royal Horticultural Society*). "The exhibit has also been awarded the '*Best Exhibit*' in the Pavilion' award," Penelope Goemans, Communications Officer at Grootbos Foundation, added enthusiastically.



This year's display, '*Life After Fire*', showcased the diversity of South African flowers that appear after wildfires in the Cape region. Up to 20 000 stems of Protea cut flowers as well as thousands of burnt Protea branches were arranged to create a post fire landscape where bulbs and orchids from all regions of South Africa were on display.

Artist Tristan Woudberg led a team to assemble a sculptural vortex of burnt material, including charred wood and burnt branches sourced from the remnants of the devastating fires which tore through the mountainous areas of the Western Cape last year. '*Life After Fire*' is one of South Africa's biggest displays at the RHS Chelsea flower and features a babbling 'fonteintjie' or natural stream complete with Disa orchids and carnivorous sundew plants. Other unique plants on display included the miniature star like flowers of Rhodohypoxis which hails from the high elevations of the Drakensberg.

The sponsors for this year's display include *The Rupert Nature Foundation*, *Hazendal Wine Estate*, *Grootbos* and *Southern Sun*. *Cape Flora SA*, a non-profit established in 2005, offers their support this year and remains steadfast in its commitment to the sustainable harvesting and growth of the fynbos industry. The display promotes the demand for high-quality fynbos cut flowers in international markets, providing livelihoods for communities within the South African fynbos industry.

The South African Team: Leon Kluge, Tristan Woudberg, Jenny Malcolm, Marinda Nel, Lucas Maninjwa, Rebecca Dames, Yuko Nagamura, Tanya Visser, Marinda Nel, Vincent Kühn, Hennie Nel, Izolda Visser, Muhammed Adamjee, Jeanne Farle, and Sven Musica.
(*Photo's provided*)

**Hardus Botha**


The final display featuring burnt fynbos.

